

KRONAKENNIS HULPLYN 080 002 9999 WHATSAPP 060 012 3456

Toon u sekere simptome? Skakel die hulplyn EERS. U sal deur die opsies gelei word om die nodige inligting te ontvang!
Moenie direk na die kliniek of hospitaal gaan voor u nie deur die hulplyn daarheen verwys is nie!

Marlé was 'n sonskynkind

Die nuus dat Marlè Claasen Dinsdag tydens 'n fratsongeluk oorlede is, het haar studentevriende en die gemeenskap verslae gelaat.

Sy was saam met haar pa Johann, toe die ongeluk op hul plaas naby Christiana gebeur het.

Landbou is in die Claasens van Petrus Steyn se bloed. As 'n tweedejaar Landboustudent op NWU, was sy baie geliefd onder haar medestudente en inwoners van Heide dameskoshuis.

Marlé word vandag om 12:00 ter ruste gelê op die familieplaas Sunnyside, Petrus Steyn. Sy word oorleef deur haar ouers Johann en Hanli, suster Jana en broer Billa.



Veeveulings gaan soos normaal voort

Die Landbousektor kan nie soos die res van die land tot stilstand kom nie anders loop die kosmandjie vir almal leeg. Lewendehawe-ondernemings sê dat veulings soos gebruiklik voortgaan.

By die weeklikse veulings gaan net 'n maksimum 100 mense, wat personeel insluit, toegelaat word soos deur regulasies vereis. Streng maatreëls sal ook in plek wees om te voldoen aan vereistes soos

voorgeskryf vir die bekamping van Coronavirus. Indien dit lyk of getalle moontlik oorskry gaan word, sal boere net die vee kan aflaai en dan die terrein moet verlaat. Hulle sal per foon dan in kontak gehou word met die afslaaers. Daar sal oral handreinigers en ontsmettingsmiddels wees as voorkoming van verspreiding van die virus. Skakel gerus 'n bemarkingsagent vir meer inligting.

Koerant sal op "straat wees"

Om inwoners op hoogte te hou sal die Heilbron Herald elke Vrydag soos gewoonlik verskyn. Dit sal in die Supermarkte te koop wees en ook volledig op die webwerf www.heilbronherald.co.za en ook op die Facebook-blad van die

Heilbron Herald beskikbaar wees. Ons poog om steeds, soos sedert 1964, die platteland van objektiewe nuus te voorsien.

"If it's not in the Heilbron Herald, it's only a rumour"

Toets was negatief

Inwoners van Heilbron was in rep-en-roer nadat onwaar gerugte versprei is van 'n geval wat positief getoets het vir Covid-19. 'n Kassier by Total Fuel Stop op Heilbron is wel getoets vir die virus nadat sy griepsimptome getoon het en sy is reeds weer terug op haar pos

nadat die uitslag van die toets negatief was. Die persoon is reeds op 20 Maart vir moontlike virusinfeksie getoets. Inwoners word gevra om nie op gerugte te reageer nie, kalm te bly en liever te steun op geakrediteerde media-berigte.

Bejaarde man gekaap en ontvoer

Pieter Terreblanche, is op 24 Maart 2020 gekaap nadat sy vrou Stienie, die bank besoek en hy in die voertuig gewag het. Sy het oudergewoonte uit die voertuig geklim en die sleutel binne gelos sodat Pieter homself kan toesluit. Die kapers het agter hulle parkeer, die voertuig genader en dit reggekry om dit 2 meter agtertoe te beweeg. Die 84-jarige Pieter, afkomstig van Edenville, het Alzheimer-siekte en sukkel om te loop. Met sy poging om die deur oop te maak om te ontsnap is die voertuig se deure outomaties almal gelyk oopgesluit. Dit het een van die mans die geleentheid gegee om in die voertuig te spring en met Pieter in die voertuig weg te jaag. Stienie het toe sy by die bank uitkom en sien dat haar man en die voertuig weg is, dadelik haar seun, Lomon Terreblanche, gebel. Lomon het alarm gemaak op al die veiligheidsgroepe van Edenville en Heilbron en deurgery vanaf Edenville om te help soek. Ongeveer 30 minute later het Lomon en 'n boer die voertuig in die omgewing van Telwiedré opgemerk en probeer stop. Die drywer het uitgespring en weggehardloop. Die boer het in die



voertuig gesprong om dit tot stiltand te bring en Pieter te kalmeer. Die polisie het die kapers vasgetrek en in hegtenis geneem. Pieter is ongedeerd, maar beide man en vrou is erg getraumatiseer na die ondervinding.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING Elke Donderdag te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 059 813 1071 Faks: 059 813 2317
E-pos: frankfort@bkbLouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



SPAR



SPAR HEILBRON se besigheidsure vanaf 27 Maart 2020:
Pensioenarisse 08:00 - 09:00 en die res van die publiek 09:00 - 16:00 tot verdere kennisgewing. Ons vra asseblief u geduld en samewerking in hierdie moeilike tyd met die veiligheidsmaatreëls wat geïmplimenteer is. Geen kinders onder 12 jaar mag die winkel binnekom tot verdere kennisgewing nie.
Getalle binne die winkel word ook beperk.

SPAR HEILBRON'S business hours from 27 March 2020:
Pensioners 08:00 - 09:00 and 10:00 to 16:00 for the rest of the public, until further notice. We ask everyone's patience and cooperation in this difficult time with safety procedures that have been implemented.
No children under the age of 12 are allowed in the store until further notice.
Customer count are limited inside the shop.

South African Library week

The Heilbron Library participated in the annual South African Library Week from 16-22 March. The theme changes every year and this year it was "Libraries: Your Partners for Life". Libraries across the country use this annual event as an opportunity to market their services to the users, the broader community, civil society and also decision makers. They use it as an opportunity to market their services in an effort to contribute to the understanding of the important role that libraries play in a democratic society, advancing literacy, making the basic human right of freedom of access to information a reality, and to promote tolerance and respect among all South Africans. Heilbron's Library went to Huis Bron van Heil to spend time with the elderly on the 18th of March and built puzzles together. Also part of their contribution to the Library week, they have invited some of

the learners of Phiritona High to the library on the 19th of March. Together with the children they also build puzzles and made bookmarks on this day. The choice of the date is based on research into the history of libraries in South Africa. The South African Public Library, now known as the National Library of South Africa, located in Cape Town Campus, was the first library to be established in South Africa. This was done by a government proclamation on 20 March 1818. The South African Library in fact started off as a true public library and has established itself as a pioneering institution in South African library history. Furthermore, South Africans celebrate Human Rights Day on 21 March and our Bill of Rights recognizes the freedom of access to information as a basic human right. We are therefore able to link an important historical event with a crucial date in our new democracy.



Tannie Soekie vier haar 100ste verjaarsdag

Soekie van Graan vier vandag haar 100ste verjaarsdag. Sy is 'n spesiale inwoner van Huis Bron-van-Heil en vir 23 jaar reeds daar woonagtig. Sy het eers op Vrede gewoon en was werksaam by die De Swart broers se algemene handelaars winkel. Sy het ook omgesien na haar twee ouers. Sy het twee kinders, 'n seun en 'n dogter wat albei nog lewe. Bo en behalwe haar twee kinders het sy 8 kleinkinders en, 9 agterkleinkinders. Na haar ouers se dood het sy na Heilbron verhuis waar sy by die handelshuis gewerk het. Sy is al meer as dertig jaar 'n Heilbronner. Sy het op daardie stadium in die Kalli Woonstelle gebly. Toe die Handelshuis sluit, het sy by Edgars as bestuurder gewerk tot die dag van haar aftrede. Sy het later in die ouetehuis in 'n eenslaapkamer woonstel ingetrek. Soos die jare aangeloop het en sy swakker geword het is sy uit die woonstel na 'n enkelkamer binne die ouetehuis verskuif waar sy vandag nog is. Soekie het die karretjie op die foto nuut gekoop. Dit is 'n Datsun Bluebird 1961 model. Haar seun, Hennie van Graan, het toe vir haar 'n Supersonic radio in die kar gesit en skaapvel sitplekkoortreksels vir die voorste twee sitplekke. Sy was baie erg oor die motor. Hennie vertel: "Ek onthou dat sy eendag na vriende toe is op 'n plaas. Sy het deur 'n drif gery toe 'n vark voor die kar oor die pad gehardloop het. Sy het die vark raakgery en het haar motor bietjie skade opgedoen aan die voorkant. Vir haar was dit iets vreesliks, maar die kar is gou-

gou weer herstel." Die motor was baie na aan haar hart en in 2017 verkoop aan 'n man van Heilbron met 56 000 myl op klok.



Heilbron Kliniek

Heilbron Kliniek staan steeds gereed om 'n omvattende diens te lewer aan die gemeenskap.

Ons vra dat almal die nuwe voorsorg maatreëls sal nakom en om veilig te wees.



Op die foto bo van die personeel van Heilbron Kliniek.

WARDEN VEILING GPS: S27°5139.0' E028°5817.9'

DONDERDAG • 2 APRIL 2020 • 11:00 • WARDEN VEILINGSKRALE:

240 Top Bonefit Woulike Druis

110 Koeie • 110 Kruier (4m3)

100 Druisgelye • 100 Vase (Lams) (verreel in 2021).

105% PRODUKSIEVEILING

www.bk.co.za




SPAR

<p>LOOK UP TV</p> <p>SPAR Maivalekker Eiers 48</p>	<p>69⁹⁹</p>	<p>LOOK UP TV</p> <p>Ola Rich 'n Creamy Roomys 1,8 liter</p>	<p>39⁹⁹ elk</p>
<p>LOOK UP TV</p> <p>SPAR Langlewe Melk Volroom, Lae-Vet of Afgeroom Melk 6 x 1 liter</p>	<p>69⁹⁹ per pak</p>	<p>LOOK UP TV</p> <p>Liqui Fruit 100% Vrugtesap 2 liter</p>	<p>29⁹⁹ elk</p>
<p>LOOK UP TV</p> <p>Nescafé Classic, Strong, Brazil of Ivory Coat Flies (Katsienvry en Sagte- Pak uitgesel) 200 g</p>	<p>59⁹⁹ elk</p>	<p>LOOK UP TV</p> <p>Baby Soft Toiletpapier (2-laag) 18</p>	<p>LOOK UP TV</p> <p>3 kg Value Pack</p> <p>Sunlight 2-in-1 Spring Sensation, Tropical of Lavender Handwaspoewer 3 kg</p> <p>R52⁹⁹ R3⁴¹ R49⁹⁹</p>

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

Die **Skottel** wat alles doen



KOOP KYB 'N PLAKKER VIR ELKE R100 WAT JY SPANDEER

VERSAMEL 15 PLAKKERS EN VOLTDOE JOU VECSAMELKAART

SPAAR 55% WANNEER JY 'N PYREXSM SKOTTEL KOOP



Promosie begin 10 Maart en eindig 14 Junie 2020. Voltooi die versamelskaarte kien tot 20 Junie 2020 ingesluit word.



Besikbaar by alle SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express Winkels uitgesluit) tot en met 20 Maart 2020. Terwyl voorsaad hou. Om te bestel die reg voor om te oesneem te beperk. Nie beskikbaar in die Unie van Oos-Kaap, Kwazulu-Natal, die Lesotho of die Wes- en Oos-Kaap nie. TV produkte kom byt beskikbaar. Prys kan BTW in.

JOGA



Ek het onlangs 'n boek gelees oor 'n Tibetaanse Boeddhistiese priester wat, na jare se gesoek na die *enlightenment*, Jesus ontmoet het toe hy in die hospitaal beland met TB. Hy het vir jare by sy eie dorpstempel gewerk, hy vlug toe uit Tibet en is te voet oor die Himalajas. Hy ontmoet later die Dalai Lama en leer by hom presies hoe om te mediteer. Met meditasie het ek nie eintlik 'n probleem nie, want om te mediteer beteken bloot vir my dat jy oor iets moet nadink, maar wanneer die meditasie met sekere *chants* gepaardgaan, is ek maar effens versigtig.

SO GAAN ONS VIR 'N WEEK SEE TOE. Die plek waar ons tuisgaan het twee swembaddens: 'n groot swembad waar daar geswem en gespat kan word en 'n kleiner een waarin die grootmense in kan lê. Daar word elke oggend fisiese aktiwiteite vir die grootmense aangebied, dit is bo en behalwe die Bingo-middae, musiekvasvrae of algemene kennisvasvrae. Die Maandagoggend is daar joga. Jip, daar waar jy jousef tot by die oortreffende trap in 'n koekery invou, met 'n *ge-chant* en ernstige meditasie. Ek weet nie wat om aan te trek nie. My goeie man gaan doen gereeld Pilates by sy werk en ek het ook al 'n boek bestudeer met Pilates en joga-strekke in, maar ek het dit sommerso by myself gedoen.

Ek trek toe maar my ou lang t-hemp met 'n driekwart rekbreek aan en my paar tekkies. Manlief lyk lus vir die gestrekke met sy kortbroekie en t-hemp en sy paar tekkies. Met die instap kry ons elkeen 'n oefenmatjie, hy vat 'n vaalgrys mat en ek dring aan op die pienke (min weet ek dat die pienk matjie vrek dun is). Die spaghetti-maer instruksie stel haarself voor as Jane of Janice of Janet of iets. Ek verkyk my aan haar vetlose lyfie, al is sy al aan die verkeerde kant van 60.

SY STORM OP ONS AF MET DRIE BOTTELJIES. “These are essential oils and it is very uplifting. This one is Joy and that one is Serenity. The other is...” en ek verloor die plot. Ek wil *joy* hê, besluit ek. Sy drup twee druppels *joy* in die waai van my arm en verduidelik hoe ek dit moet invryf. Dis blykbaar goed vir bloedsomloop, senuwees, die spysverteringskanaal en die sweetkliere – omtrent alles behalwe knoop-in-die-derm. Wat sal my goeie man neem? Hy wil *serenity* hê. Sy bedrup hom ook, maar ek ruik wragtag geen verskil jussen *joy* en *serenity* nie.

Tekkies uit, sit op jou (dun) matjie. Die eerste posisie is kruisbeen, dis heel maklik, ek sit gereeld so. Nou moet ons die middelvinger en ringvinger op die duim druk en een of ander ding *chant*. Ek skrik my in 'n ander knoop in, want hierdie *ge-mmm* en *ge-haaaa* sit nie lekker op my gereformeerde lyf nie. Sy verduidelik nog

wat presies hierdie *chant* beteken, maar ek het al weer die plot verloor. Ons rek hierdie kant toe en dan daardie kant toe, dis vloeiende bewegings van voor af, ernstige gesigsuitdrukings van orals af en 'n gekreun en gesteun van my af.

Dis *downward dog*, *halfmoon sunrise* en *stretch your knee into your nose*

(regtig?) en *place your left hand under your right knee and bend your left leg until you can grab it with your right hand*. En daar het ek ook die plot verloor. *Warrior one position and warrior front*. *Put your left foot between your two hands*. Nee, ek kan nie want my maag is in die pad.

EK SIEN DIE DOGERTJIE WAT LANGS MY STAAN SE HAND SKIET IN DIE LUG IN. Jane of Janice of Janet ignoreer haar, want sy oefen met haar oë toe en tel nie een-twee-drie soos wat ek altyd *aerobics* gedoen het nie. Die dogtertjie klap haar vingers, Jane of Janice of Janet se oë gaan halfmas oop en sy glimlag engelig vir die dogtertjie. “Ma’am?” Jane of Janice of Janet glimlag meer. “Yes? “Ma’am, can I go to the toilet?” Jane of Janice of Janet het nie hierdie vraag verwag nie en ek en my goeie man giggel lekker.

Jane of Janice of Janet begin woes op haar bors slaan en sê 'n spul woorde, dit help blykbaar om ongevraagde emosies uit jou gestel te kry. Nou waai jy met jou hande op en af en *chant* weer iets. Ek begin weer giggel, want my armvette (wat ek my geliefde *wingspan* noem) dril lekker saam – Jane of Janice of Janet s'n glad nie. Wanneer sy grasieus met haar bene in die lug strek, plof myne neer en ek geniet die stukkie binnepret. Ek kan nie eers begin om te dink hoe ek lyk vir 'n buitestaander nie. Genadiglik is daar geen spieëls nie.

Sy probeer ons stukkie vir stukkie ontknoop, dis toe ek agterkom dat die essensiële olie wat aanvanklik *uplifting* was, my nie eers 'n millimeter kan oplig nie, ek giggel sommer kliphard. Sy doen nog twee strekke en ons gaan lê plat op die matjie. (Ek weet nou hoekom niemand die pienk matjie wou hê nie – dit is skaars twee sentimeter dun!) Jane of Janice of Janet lê en lê en lê, ek begin rondkyk, want ek is seker almal rondom my slaap, dis net ek wat wakker is. Skielik begin sy praat en ek skrik my boeglam.

Ag nee wat, hierdie ou jogaklassie is sommer nonsens, het ek gedink tot ek amper 24 uur later uit die bed wou klim. Ek ryg myself stukkie vir stukkie uit todat ek in volle glorie in die stort wakker word. Ek is lus en *chant*, want ek kan nie eers my hande op my bors slaan nie, elke liewe spier is seer, selfs my maagspiere – ek het nie eers een opsit gedoen nie. En dis alles daai Boeddhis se skuld.

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NG SUID

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

GEREFORMEERDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

AGS, PLEINSTRAAT 72

Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

CHRISTUS GEMEENTE

Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

AP-KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

METHODIST CHURCH

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Eredienste - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Kontak pastoor.

EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK

FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Kontak Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Kontak: P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Diensentrum

vir Bejaardes Reitz

Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

HEILBRON DIENSSENTRUM

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades



RIEMLAND MUSEUM

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

GEKLASSIFISEERD

Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
 Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
 Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
 www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za
(Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za
(Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za
(Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron,
 Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS

Form JJJ
LOST OR DESTROYED DEED
 Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer TE 3706/2012 passed by KEIKANECWE ELIZABETH MABULA ON BEHALF OF NGWATHE MUNICIPALITY in favour of JOSEPH LEHLOHONOLO MATEKANTE, ID: 701130 5371 080 in respect of certain ERF 791 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
 All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
 Dated at Heilbron this 19th day of March 2020.
 (GET) AA SCHUTTE
 CORNELIUS & PARTNERS INC
 40 CHURCH STREET
 P.O. BOX 205
 HEILBRON, 9650
 TEL: 058 852 2035

KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING
 In die boedel van wyle:
PHILIPPUS HENDRIK SPIES
 Identiteitsnommer: 410414 5016 081
 Van: Woonstel 23, Huis Bron-van-Heil, Heilbron
 Wie oorlede is op 16 November 2019
 in lewe 'n pensioenaris
BOEDELNOMMER: 009895/2019
 Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hoogeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
PHILIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.
 EKSEKUTEUR
 ELSSTRAAT 47, POSBUS 58
 HEILBRON, 9650
 VERW: PVPDM/nc

KENNISGEWING
 Kennisgewing aan krediteure & debiteure in bestorwe boedels in die boedel van WYLE SAMUEL JACOBUS BRAYSHAW, Identiteitsnommer: 661214 5065 08 8, ook handeldrywend as HNR AFSLAERS van die plaas Droëfontein, Heilbron, 9650, getroude buite gemeenskap van goedere in die lewe.
 Datum van afstewe: 01 Januarie 2020.
BOEDELNOMMER: 000198/2020
 Kennis geskied hiermee aan alle persone met vorderings teen bogemelde boedel om dit binne 30 dae vanaf datum van publikasie, hiervan by die eksekuteur, hieronder vermeld, te lewer.
 Geteken te Heilbron op hierdie 25ste dag van Maart 2020.
I BRAYSHAW
 POSBUS 350
 HEILBRON, 9650
 VERW. BOEDEL SJ BRAYSHAW

JAARBEPLANNER 2020

MEI 2 Mei AGS Kerk - Kermis 8 Mei NG Moedergemeente Visete 13-15 Mei Hoërskool Heilbron Revue 26 Mei Bloedskenk NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30	JULIE 25 Jul. AGS Kerk- Potjiekos 28 Jul. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30 31 Jul. BoereTreat	SEPTEMBER 22 Sept. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30 29 Sept. Blyweesfees - NG Suidgemeente
JUNIE 6 Jun. AP Kerk - Basaar 26 Jun. AGS Kerk - Pannekoek verkoping	AUGUSTUS 1 Aug. BoereTreat 11 tot 14 Aug. NAMPO	OKTOBER 31 Okt. AGS Kerk - Pik-en-Proe ete
		NOVEMBER 24 Nov. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30

DIENSTE



VIR SNY-, HARK- EN BAALWERK. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685

Latest Releases Late-Nite Video Heilbron
 Maleficent 2
 Dora and the Lost City of Gold
 Joker
 47 Meters Down
 Gemini Man
 Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
 072 807 7790 ★ 076 868 3837

BAAL / SNY & BAAL
 Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of antooreure by 058 852 3033.

LIFE IS GOOD ... I HAVE A HOUSE, CAR, BUSINESS AND PAID OFF ALL MY DEBTS
 I worked as a teacher for 29 years but had no money and was deep in debts. Dr Gitta wiped off my tears. He put R4 million into my bank account and to my house. Dr Gitta doesn't charge people, you can give him anything you want after all your problems are solved.
Call, SMS or WhatsApp him for help on 063 261 5825 K0708

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
 Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjies - 083 308 9159

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
 Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
 079 040 0531

BETREKING

BETREKING VAKANT CORNELIUS & VENNOTE PROKUREURS
 Benodig die dienste van 'n **ONTVANGSDAME**
 Met rekenaarvaardigheid, tik, algemene ontvangs & sekretariële ondervinding vir diensaanvaarding so spoedig moontlik.
Stuur volledige CV na Mev A Schutte
 E-pos amanda@corven.co.za
 Faks: 058 852 1838

CHRISTILAVEN

Die mens se lewens is 'n proses van groei en ontwikkeling. Hierdie proses word ondersteun deur die Christelike geloof en die gemeenskap van Christelike mense. Christilaven bied 'n plek waar mense kan groei en ontwikkel deur die gebruik van die Christelike geloof en die gemeenskap van Christelike mense.

DIENSTE
 - **CARE & SUPPORT** (Care & Support) is 'n dienste wat deur Christilaven aangebied word. Hierdie dienste is bedoel om mense te help om hulle lewens te verbeter en om hulle te ondersteun in hulle groei en ontwikkeling.
 - **OWN CARE RESIDENCE** (Own Care Residence) is 'n dienste wat deur Christilaven aangebied word. Hierdie dienste is bedoel om mense te help om hulle lewens te verbeter en om hulle te ondersteun in hulle groei en ontwikkeling.
 - **ENLIGTING** (Enlightenment) is 'n dienste wat deur Christilaven aangebied word. Hierdie dienste is bedoel om mense te help om hulle lewens te verbeter en om hulle te ondersteun in hulle groei en ontwikkeling.
 - **DIENSTE** (Service) is 'n dienste wat deur Christilaven aangebied word. Hierdie dienste is bedoel om mense te help om hulle lewens te verbeter en om hulle te ondersteun in hulle groei en ontwikkeling.
 - **DIENSTEBEREIKING** (Service Reach) is 'n dienste wat deur Christilaven aangebied word. Hierdie dienste is bedoel om mense te help om hulle lewens te verbeter en om hulle te ondersteun in hulle groei en ontwikkeling.

AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroeëtydig uit die weg te ruim.

SPORTverslag

Geeltrui vir 'n wenner!

Saterdag 29 Februarie 2020 was dit die Argus Bergfietswedren - deesdae beter bekend as The MTB Challenge - in Stellenbosch wat gestrek het oor 30km.

Tye as volg:

Arno Els 1:48, Albert Els 2:45, Colett Els 2:45.

Sondag 8 Maart 2020 was dit die padfiets Argus - deesdae bekend as Cape Town Cycle Tour - in Kaapstad wat gestrek het oor 109km. Albert en Colett Els was weereens bevoorreg om deel te wees van 'n groep wat saam met die tweeling van Yzerfontein aan die Argus deelneem. Die groep helpers het saam met Retha Venter en haar tweeling (Chené & Anika)



weggespring. Die tweeling het 'n seldsame genetiese siekte genaamd Friedreich Ataxia is oor die hele roete in karretjies getrek.

Tye as volg:

Chris Lombard 3:03, Altus Muller 3:46, Ernst Zitzke 3:46, Dr Lood Spies 4:10, Jozann Germishuys 5:08, Cornelius Geel 5:15, Colett Els 5:29. Albert Els val ongelukkig op 40km en kon nie die wedren voltooi nie.



Op die foto vl: Albert Els, Colett Els en Arno Els.

Gholfdag 'n groot sukses

JA Malherbe Primêre skool op Petrus Steyn het vanjaar weereens hulle jaarlikse Aartappelgholfdag met groot sukses aangebied.

Hierdie projek is die skool se hoofondsinsameling vir die jaar en dit is 'n dag waarop aartappelboere in die omgewing, asook verwante industrieë soos mark- en kunsmis-agente, moerkwekers, vervoermaatskappye, brandstofverskaffers en banke, hande vat om die voortbestaan van 'n klein, dog baie suksesvolle, plattelandse skool te verseker.

Die hoofborge van die dag was VR Transport, Wenpro Markagente en Q4 Brandstofverskaffers.

Nege-en-twintig vierbal-spanne, het aan die gholfdag deelgeneem en spelers het van so ver as Pretoria, Johannesburg en Durban gekom. Die span van VKB was die wenner van die gholfdag.



VKB-SPAN: WENNER VAN DIE GHOLF DAG: Op die foto vl: Divan Gouws, Crause Enslin, Werner Stofberg en Philru Wepener.



DEELNEMERS: Jan Rossouw, Theunis Verster, Danie Jacobs en John Mentz.



DEELNEMERS: Jannie Wepener, Christo Willemsse, Phillip Wepener en Cardo Meiring.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za




JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 31 MAART 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERDAG - 2 APRIL 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 3 APRIL 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/270172/07
Posbus 220, Frankfort 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za



IS YOUR EMPLOYER PAYING YOU THE NATIONAL MINIMUM WAGE?

If you are not paid the national minimum wage of R20.76 per hour

- + R18.68 per hour for farm and forestry workers
- + R15.57 per hour for domestic workers
- + R11.42 per hour for workers under the Expanded Public Works Programme

then dial the FREE IMPIMPA HOTLINE.

FREE IMPIMPA HOTLINE: *134*305#
DIAL THE FREE IMPIMPA HOTLINE AND FOLLOW THE PROMPTS

THE NATIONAL MINIMUM WAGE
A TOOL TO CLOSE THE WAGE GAP AND TO OVERCOME POVERTY



employment & labour
Department of Employment and Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERHOOR VAN DIE VERHOOR EN WERKLOOSHEID, WERKLOOSHEID EN WERKLOOSHEID